

Donderdag 23 November

Skrifgedeelte: Lukas 16:19-31

Fokusgedeelte: Lukas 16:31

Waar jou skat is ...

Hierdie gelykenis sluit aan by vorige gedeeltes waar Jesus oor die gebruik of misbruik van geld praat. Die ryk man waarvan hier melding gemaak word, het met sy deftige klere en vrolike partytjies die lewe geniet. Hy het in oor-maat gehad. Vir hom was sy rykdom baie belangrik, geld was sy afgod.

Hy het egter iets baie belangrik kortgekom, hy het nie die Bybel geken of daarvolgens gelewe nie. Die ryk man het alles in hierdie lewe gesoek en begeer, behalwe die ewige lewe. Hy het hom aan alles toegewy wat met sy aardse lewe in verband staan, maar hy was nie bekommerd oor die dag van die dood nie. In sy oormaat het hy die mense wat swaarkry nie raakgesien en was hy nie oor hulle bekommerd nie. Hy sien nie eers die arm man, vol swere, voor sy voordeur lê nie. Dit was Lasarus, 'n bedelaar, siek, honger en onver-sorg. Die mense het hom vermy, hy was 'n uitgeworpene, behandel as 'n ver-vloekte.

Dan kom die ryk man tot sterwe, en Lasarus ook. Lasarus word in die hemel opgeneem en sit by die vader van die gelowiges, Abraham. Die ryk man ontwaak egter in 'n plek van ewige pyn. Die Woord van die Here sê hy was in smarte, die pyn sou nooit weer van hom wyk nie.

Hy begin sy nuwe lewe in die ewigheid as 'n bedelaar; hy smee Abraham om hom net 'n druppel water te gee. Vir hom is daar egter geen troos uit die hemel nie. Sy versoek dat sy broers gewaarsku word, word nie toegestaan nie. God praat deur sy Woord – net soos die ryk man luister hulle egter nie na die vermanings en tereg wysings nie.

Jesus wil dan juis hiermee vermaan om selfs in hierdie lewe te lewe met die oog gevestig op die ewige lewe, Hy maak dit vir ons moontlik deur die krag van sy Gees.

Geniet dus die lewe in Christus, met jou oog op die wat hulp nodig het. Begeer God, en nie rykdom nie, want waar jou skat is, daar sal ook jou hart wees (Matt 6:22).

Sing: Skrifberyming 17 (17-1):1, 6

Dr. FG (Frans) Minnie (Pastorale Berader, Cachet)